



HESSEQUA

Munisipaliteit / Municipality / U Masipala

From the desk of the Mayor

Met die lente wat om die draai is, is daar sonskyn en die prag van die natuur om na uit te sien.

Die lente is 'n tyd van herlewing, nuwe groei en hoop vir ons gemeenskappe.

September is bekend as Bewaringsmaand en wil ek almal aanmoedig om ons omgewing te waardeer en te beskerm.

Ons streek is geseën met 'n unieke biodiversiteit en dit is ons plig om dit vir toekomstige geslagte te bewaar.

Ek nooi almal uit om by plaaslike inisiatiewe aan te sluit wat fokus op skoonmaak veldtogte, bome plant en omgewingsopvoeding.

Ek wil hierdie geleentheid gebruik om my innige dankbaarheid uit te spreek aan elke amptenaar in ons munisipaliteit wat elke dag onvermoeid werk om ons gemeenskappe te dien.

Julle toewyding en harde werk maak 'n werklike verskil.

Aan ons inwoners, wil ek ook my opregte dank uitspreek vir jul geduld en begrip, veral in tye waar dinge nie altyd vlot verloop nie.

Julle samewerking en positiewe houding help ons om uitdagings te oorkom en vorentoe te beweeg.

Mag die nuwe seisoen vir elkeen van julle voorspoed, vreugde en goeie gesondheid bring.

Kom ons werk saam om Hessequa 'n beter plek te maak vir almal.

Indien daar enige vrae of voorstelle is, is my kantoor altyd beskikbaar om julle by te staan.

Saam bou ons 'n beter toekoms!

Op 4 September 2026 vier ons Losliddag. Ek wil graag elke inwoner van Hessequa aanmoedig om betrokke te raak en ondersteuning te verleen waar dit nodig mag wees.

Galasiërs 6:9:

"Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel."



Besoek gerus ons verskillende media platforms om op hoogte te bly v/d jongste Hessequa nuus.

GRANT RIDDLES
Uitvoerende Burgemeester

HERWINNING VAN VASTE AFVAL IN HESSEQUA

Henque Waste is vir 'n verdere tydperk van drie jaar aangestel om die sortering, verwerking en bemarking van herwinbare vaste afval binne die Hessequa-munisipale gebied te ondersteun. By die Riversdal-herwinningsdepot, word die afval gesorteer, gebaal en aan toepaslike herwinningsmarkte en verwerkers gelewer. Dit beteken dat die herwinbare materiaal wat deur Hessequa se inwoners en ondernemings uitgesorteer word, deel vorm van 'n formele herwinningsketting en sover moontlik van stortingsterreine weggelei word.

Die bestaande vullisverwyderingskodes in alle dorpe bly onveranderd en is beskikbaar op ons webwerf by:

<https://www.hessequa.gov.za/municipal-services/waste-management/>

Henque Waste se kontrak sluit ook meer bewusmaking vir die gemeenskap in.

Gemeenskapsbewustheid en opvoeding vorm 'n belangrike deel van volhoubare herwinning. Henque Waste versprei twee keer per jaar inligtingspamflette aan inwoners en besighede in die gebiede waar die herwinningsdiens gelewer word. Die doel hiervan is om inwoners te help verstaan watter materiaal herwinbaar is, hoe dit korrek uitgesorteer moet word en hoe besoedeling van die herwinningsmateriaal voorkom kan word.

Skole word ook besoek vir herwinnings- en omgewingsbewusmakings programme. Hierdie programme is daarop gemik om goeie afval gewoontes reeds op 'n jong ouderdom te vestig en leerders aan te moedig om die boodskap na hul huishoudings te neem.

Daarbenewens word voorsiening gemaak vir periodieke e-afval bewusmakingsveldtogte en die verwydering van e-afval vanaf aangewese punte, onder meer by biblioteke. Kleinskaalse e-afval veldtogte word ook kwartaalliks in die hoofdorpe aangebied, onderhewig aan die toepaslike program en praktiese reëlings.

Langtermyn doelwit en strategiese rakende herwinning.

Die langtermyn doelwit is om die persentasie huishoudings en besighede wat aktief aan die herwinningsprogram deelneem, voortdurend te verhoog.

Groter deelname sal help om:

- meer herwinbare materiaal uit die gewone afvalstroom te verwyder;
- die hoeveelheid afval wat na stortingsterreine gestuur word, te verminder;
- waardevolle lugruimte op stortingsterreine te bespaar;
- die bruikbare leeftyd van afvalfasiliteite te verleng;
- besoedeling deur herwinbare materiaal te verminder; en
- 'n sterker kultuur van verantwoordelike afvalbestuur in Hessequa te vestig.

Die strategiese benadering berus daarom nie slegs op die insameling en verwerking van materiaal nie, maar ook op volgehoue opvoeding, samewerking tussen die Munisipaliteit, Henque Waste, skole, besighede, gemeenskapsorganisasies en inwoners, asook die gereelde bevordering van deelname. Hessequa se inwoners speel dus 'n direkte rol in die sukses van die program. hoe meer huishoudings en besighede korrek by die bron uitsorteer, hoe groter is die omgewingsvoordeel vir die dorpe en die breër Hessequa-gebied.

Die aanstelling van 'n diensverskaffer soos Henque Waste is net tot voordeel van Hessequa se inwoners nie, maar is ook 'n groot voordeel vir die beskerming en bewaring van ons kosbare omgewing.

Die opvoedkundige aksies wat geneem word by skole en in verskillende gemeenskappe waar Henque Waste dienste verrig, is absoluut 'n bonus vir ons volwasse inwoners en kinders.

Ons versoek dat inwoners en besighede deel vorm van die herwinningsprojek in Hessequa streek.

HESSEQUA TOURISM**THE EXPLORER'S GARDEN ROUTE****UPCOMING TOURISM EVENTS CALENDAR**

EVENT DATE	EVENT NAME	MAIN DESCRIPTION	HOSTING TOWN	CONTACT DETAIL
18-19 Aug 2026	Resilient Landscapes Forum	Learn. Connect. Discuss. Take Action. Together, we'll explore how scientific innovation, nature-based solutions, cross-sector partnerships and local champions can help build stronger, more resilient landscapes across our region. This is not just another discussion. It is a focused call for practical solutions, stronger partnerships and coordinated action.	Gouritsmond	087 702 9126
24-27 Aug 2026	RATEM Eisteddfod	The showcasing of local amateur art, performance and music.	Riversdale	082 441 3026
04-05 Sep 2026	Hatties 10's	A community event that is hosted at the Heidelberg Highschool. This event includes sporting codes like netball and touch rugby. Food stalls will be available along with a beer tent.	Heidelberg	028 722 1384
05 Sep 2026	Renosterbos Trail Run	The Renosterbos Trail Run is a scenic yet challenging 19-km route, fun 10-km race and family-friendly 5-km fun run.	Albertinia	082 965 7516
12 Sep 2026	Wallace Anderson Fun Run	A fun run for the whole family! Enter the challenging 21-km half marathon, scenic 10-km race or 5-km fun run!	Riversdale	028 713 3626
22-26 Sep 2026	Hessequa Pool Competition	A local pool competition that is hosted in Riversdale at the Hess Dal Centre (Post Office Building). This competition calls on all pool players, whether social or competitive players to enter a team today! This is a competition not to miss.	Riversdale	062 793 4901
22-26 Sep 2026	Hessequa Harmonie Festival	A festival dedicated to classical music, literature, art and the small-town charm of Heidelberg. Expect good food, great company and the best classical music and art.	Heidelberg	079 697 1574
26 Sep 2026	Hessequa Heritage Trail Run & Festival	The Hessequa Heritage Trail Run & Festival is a celebration of Heritage Day and accommodates a trail run of 16-km and 5-km, from Jongensfontein to Stilbaai. A market festival will be held at the Jagersbosch Community Care Centre.	Stilbaai	028 754 2602
26-27 Sep 2026	Stilbaai River & Sea Classic	A paddling competition like no other! The Stilbaai River & Sea Classic calls on all paddling enthusiasts to enter this competition and share in the adrenaline and fun of this event in Stilbaai.	Stilbaai	082 457 1135
24 Sep – 03 Oct 2026	Stilbaai Fynbos Festival	A festival celebrating the fynbos diversity of the town. The main events are hosted at the Tuin-Op-Die-Brak Fynbos Park. The programme includes guided nature walks, a trail run and nature workshops.	Stilbaai	082 441 5953